24.5 RAPPORT STUDIEDEPUTATE: AFTREE-OUDERDOM VAN TEOLOGIESE PROFESSORE (Art 244)

A. Dr EJ de Beer lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

1.1 Acta 2012:493, 24.10, 2.1.

1.2 "Die Algemene Sinode 2012 word versoek om Deputate aan te wys om in die lig van die Skrif en relevante Kerkorde-artikels, asook bestaande Sinodebesluite, 'n duidelike Ordereëling by die Algemene Sinode 2015 aan te beveel vir die emeritering van teologiese professore. Hierdie Ordereëling moet ook die kontraktuele ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU in ag neem. Besluit: Goedgekeur".

Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Skriftuurlike Begronding*

2.1.1 God het in die skeppingsopdrag (Gen 1:28) aan alle mense die opdrag gegee om die aarde te bewoon en te bewerk. Dit is 'n lewenslange opdrag. Die opdrag is ten nouste gekoppel aan 'n mens se reg op vergoeding vir sy arbeid. Dit geld ook vir bedienaars van die Woord (1 Kor 9). In die Skrif is daar verskillende voorbeelde van mense wat tot op hoë ouderdom in God se diens gestaan het, byvoorbeeld Moses (Deut 34:7), Josua (Jos 24:29), Eli (1 Sam 4:15), Sagaria (Luk 1:7, 18) en Anna (Luk 2:36-37).

2.1.2 Dit is belangrik om daarop te let dat die kerkregtelike bepaling dat 'n bedienaar van die Woord lewenslank aan die kerkdiens verbonde is, op die Skriftuurlike beginsel berus dat God bedienaars roep en toerus (Heb 5:4, Ef 4:11). Uit die voorbeelde hierbo genoem, is dit duidelik dat dit normaalweg 'n lewenslange roeping is.

2.1.3 Die sondeval het 'n beduidende uitwerking op die uitvoering van alle mense se roeping om die aarde te bewoon en te bewerk (Gen 1:26, 28; 3:17-19, Pred 12:1-8). Levitikus 8:25 en 26 gee erkenning hieraan. Wanneer 'n Leviet vyftig geword het, is hy vrygestel van sekere moeisame pligte. Die uitwerking van die sondeval het ook 'n invloed op die uitvoering van predikante (en professore) se roeping as dienaars in God se koninkryk. Die afname van fisiese of emosionele kragte is voorbeelde hiervan. Die afname in bedienaars (en professore) se vermoë om werksaam te wees en hul roeping na te kom, beteken in praktyk dat hulle mettertyd uit hul diens moet tree terwyl hulle steeds die roeping het om bedienaar van die Woord te wees. Aangesien die afname van vermoëns gewoonlik 'n geleidelike proses is, kan predikante (en professore), waar geleenthede hul voordoen, steeds (beperkte) aktiwiteite verrig volgens die vermoëns wat hulle nog het (bv eredienste lei of hulpdiens verrig).

2.1.4 Die sondeval het nie alleen 'n uitwerking op 'n predikant of professor se vermoë om sy roeping uit te voer nie. Dit het ook 'n uitwerking op die omstandighede waarin hy sy roeping uitleef met die gevolg dat die Skriftuurlike beginsels nie altyd ten volle uitgevoer kan word nie. "Dorings en distels" raak ook die vergoeding en ooreenkomste rakende die uitvoering van predikante en professore se roeping. In praktyk beteken dit dat die Skriftuurlike beginsels nie altyd ten volle nagekom kan word nie.

2.1.5 Bevinding

2.1.5.1 Die Skrif stel as beginsel dat ‘n mens ‘n lewenslange opdrag het om werksaam te wees en van die vrug daarvan te leef.

2.1.5.2 Die sondeval het tot gevolg dat hierdie beginsel nie altyd uitgeleef kan word nie, onder andere as gevolg van ‘n afname in vermoëns en onvolmaakte werksomstandighede.

2.2 *Relevante Kerkorde-Artikels*

2.2.1 Daar is nie afsonderlike Kerkorde-artikels wat oor die emeritering van professore handel nie, omdat daar ‘n eenheid is in die kerkdiens van bedienaars en professore. Daarom word die betrokke KO-artikels geag betrek te word op beide dienste. Die roeping en toelating vir bedienaars en professore is dieselfde (KO, artt 4, 5). Die beroeping is eweneens dieselfde vir beide dienste.

2.2.2 KO, art 12: Die roeping tot diens is vir bedienaars en professore lewenslank, hoewel die plek waar en wyse hoe die roeping uitgevoer word nie noodwendig lewenslank is nie. Soos ‘n predikant, sou ‘n professor weer beroep kon word, maar sy laaste beroep gee uiting aan die lewenslange roeping.

2.2.3 KO, artt 11-14 handel o.a. oor (1) die “arbeidsverhouding” tussen “werkgewer” en “werknemer”, (2) beide se verantwoordelikhede in hierdie verhouding en (3) losmaking van so ‘n verhouding. Gedagtig aan die gelykheid tussen ampsdraers (KO, art 17) word in KO, artt 11-14 geen onderskeid tussen bedienaars en professore gemaak nie.

2.2.4 KO, art 13 handel dan oor die ‘normale’ en ‘eerbare’ losmaking en redes daarvoor:

2.2.4.1 KO, art 13 se aksent lê op die begrip onbekwaamheid. Dit kan gebeur deur ouderdom, siekte (fisies/geestelik) of “andersins”. Die artikel behandel die faktore wat iemand onbekwaam sou maak.

2.2.4.2 Die bedoeling van KO, art 13 word oorskrei wanneer ‘n bepaalde ouderdom (soos 65 jaar) vanselfsprekend aan die Kerkorde se beginsel van “onbekwaam” gekoppel word.

2.2.4.3 KO, art 13 gee sy eie metodologie (en redes) vir die vasstelling van die “onbekwaamheid” as interaksie tussen die kerkraad (werkgewer) en die bedienaar (werknemer) met die nodige objektiewe kontrole van die Klassis en advies van die Deputate van die Streeksinode (vgl besluit Klassis Griekwaland-Wes, 1997).

2.2.4.4 Oor die meriete van emeritaat word in die geval van predikante én professore nie eensydig besluite geneem nie. In die geval van ‘n predikant is hyself en die Kerkraad betrokke en in die geval van ‘n professor is hyself en die Kuratore betrokke. Enige een van die partye kan op grond van goeie getuienis oor bekwaamheid of onbekwaamheid die inisatief neem wat tot uiteindelike emeritaat lei.

2.2.5 Die Kerkorde maak nie voorsiening daarvoor dat predikante of professore hul roeping vir termyne nakom nie (anders as KO, art 27). Die versigtige bewoording van KO, art 13 moet gesien word in die lig van Christus wat roep.

2.2.6 Bevinding

2.2.6.1 Dit blyk dat ‘n rigiede reëling van ‘n bepaalde ouderdom vir emeritaat (bv 65) nie voldoen aan die betekenis van die begrip “onbekwaam” van KO, art 13 nie.

2.3 *Bestaande Sinodebesluite*

2.3.1 Problematiek: Die Rapport van die Kuratorium aan die Nasionale Sinode 1994 het die problematiek aangaande aftrede van professore soos volg geformuleer (Acta 1994:652-653, 3.4.2.2.2 en 3.4.2.2.3):

2.3.1.1 “Die agtergrond van die besluit van Sinode 1979 (Acta:193) moet in ag geneem word: wanneer dit nagegaan word, blyk dit dat die besluit van 1979 geneem is nadat ‘n Beswaarskrif teen die besluit van Sinode 1970 (Acta:389 e.v.) geslaag het, en studie daaroor gedoen is. Die imperatiewe karakter van die besluit van 1970 is verander deur die besluit van 1979 wat ‘n meer indikatiewe karakter het”.

2.3.1.2 “Artikel 13 van die Kerkorde lê die aksent op onbekwaamheid, terwyl Sinodebesluite in die algemeen die aksent ook op ‘n bepaalde ouderdom (bv 65 jaar) plaas. Dit bring die vraag na vore of, en indien wel op watter gronde, ‘n Sinode ‘n bepaalde ouderdomsgrens as verpligte tyd van emeritering kan voorskryf. Kan ‘n Sinode ‘n besluit oor die toepassing van die bepaalde Kerkorde-artikel neem wat moontlik met die inhoud van die Kerkorde-artikel in stryd is? In die reël is dit sekerlik nie reg nie”.

2.3.1.3 “Tog moet in ag geneem word dat dit usansie en gewoonte by die meeste Gereformeerde Kerke wêreldwyd geword het om wel ‘n ouderdom vas te stel wanneer dit oor die toepassing van KO, art 13 handel. Die vraag is in watter mate normale fisiologiese omstandighede van mense van 65 jaar as redes hier oorweeg kan word. ‘n Verdere probleem is dat Sinodes nie eendersluidende besluite met betrekking tot die emeritering van professore aan die HTS en die TSP geneem het nie. Wanneer kerk nie meer ‘n bedienaar van die Woord/professore finansieel kan onderhou nie, kan die weg van KO, art 11 gevolg, en so iemand in die Kerkverband beroepbaar gestel word. Die vraag is of dit ‘n oorweegbare moontlikheid is wanneer kerke finansieel nie in staat is om soveel professore te versorg nie. Die vraag hieruit voortvloeiend is hoe vasgestel word watter een of meer van die professore dan in terme van KO, art 11 “ontslaan” moet word”.

2.3.2 Sinode 1961 het besluit dat in die lig van die aktuariële berekening (Rapport pt 4) en ook waar KO, art 13 melding maak van ouderdom, word die “ouderdom” deur die eerw Sinode nader verklaar as synde 65 jaar en ouer te wees (Acta 1961:227). Verder het die Kuratorium by die eerw Sinode aanbeveel dat die aftreeleeftyd van teologiese professore op 65 jaar gestel word, met dien verstande dat die dienstyd in elke individuele geval daarna jaarliks deur die Kuratorium verleng kan word tot op sewentigjarige leeftyd waarna die dienstyd beëindig moet word. Dit word in beginsel aanvaar (Acta 1961:238)”.

2.3.3 Sinode 1964 het nadat, na die sitting van 1961 professore dit onder die aandag van die Dagbestuur van die Kuratorium gebring dat hulle beswaar het teen die laaste gedeelte van die besluit aanbeveel dat die Sinode soos volg besluit: Hierdie besluit van die Sinode moet saam gelees word met ‘n ander besluit van dieselfde Sinode insake KO, art 13 waar “ouderdom” verklaar word as synde 65 jaar en ouer te wees (Hand:227, 3. e.) dit beteken dat die status quo gehandhaaf word en dat ‘n teologiese professor op 65 jarige leeftyd of daarna emeritaat kan aanvra weens ouderdom, maar op 70-jarige leeftyd emeritaat moet aanvra”.

2.3.4 “Sinode 1967 het besluit dat professore op 65-jarige leeftyd of daarna emeritaat kan aanvra weens ouderdom, maar op 70-jarige leeftyd emeritaat moet aanvra. Emeritaat tree in werking aan die einde van daardie jaar (Acta 1967:273, Bylae 1, 12)”.

2.3.5 “Sinode 1970 het besluit dat alle professore wat in diens getree het vanaf Januarie 1970 op 65-jarige leeftyd moet aftree; dat die huidige professore wat alreeds bo 65 jaar is, moet aftree op 70 jaar; dat die huidige professore wat onder 65 jaar is, moet aftree op 67 jaar (Acta 1970:388 ev)”.

2.3.6 “Sinode 1973 het Studiedeputate benoem om opnuut ooreenkomstig KO, art 46 te besin oor die toepassing van KO, art 13 in die lig van die besluit dat die aftree-ouderdom vir ‘n professor aan die Teologiese Skool verpligtend en vir ‘n predikant opsioneel is” (Acta 1973:347-348, art 145)”.

2.3.7 “Sinode 1976 het besluit dat kennis geneem word van die Studierapport; dat die Beskrywingspunt (Acta 1973, art 146) na die Kuratorium verwys word om opnuut daarvan studie te maak en die volgende Sinode te adviseer. In hierdie studie moet besondere aandag geskenk word aan die vraag of die beginsel van KO, art 13 in gedrang gebring is, gesien in die lig van die huidige praktyk dat professore van die Teologiese Skool Potchefstroom op die ouderdom van 65 jaar moet aftree, kragtens ‘n kontraktuele verband met die Universiteit; asook die weg wat gevolg moet word, indien die beginsel van KO, art 13 wel in gedrang is, om in oorleg met die Universiteit, beginsel en praktyk in ooreenstemming te bring.

Die Kuratorium het opdrag ontvang om as tussentydse maatreël, in voorkomende gevalle van “aftreding”, in oorleg met die PU vir CHO te trag om die beginsel van KO, art 13 te handhaaf” (Acta 1976:449-450, art 140)”.

2.3.8 “Sinode 1979 het besluit dat die professore normaalweg aftree op ouderdom 65 jaar. By voorlegging van bevredigende getuigskrifte oor gesondheid en werkvermoëns kan die Kuratorium in oorleg met die PU vir CHO die diens van jaar tot jaar verleng (Acta 1979:192-193, 1).

2.3.9 Sinode 1982 bevind dat die besluit van 1970 in 1979 gewysig is nadat vanaf 1973 besondere aandag aan die beginsel van KO, art 13 gegee is. Dat gesien in die lig van die verloop van die saak tot by die Sinode van 1979 opnuut uitspraak gegee is oor die beginsel en sou die beswaarde moes aantoon dat die Sinode van 1979 in stryd met Belydenis, Skrif en KO gehandel het. Dat indien die beswaar teen die besluit van 1970 gehandhaaf word, bly die besluit van 1979 nog steeds staan. Die aanbeveling was dat die beswaar nie gehandhaaf word nie. Hierdie Rapport word in sy geheel aanvaar (Acta 1982:217-218, art 85)”.

2.3.10 “Sinode 1985 besluit dat emeriteer beteken dat ‘n predikant volgens KO, art 13 van sy diensplig onthef word. Waar Kerkorde 13 van ouderdom melding maak, word ouderdom vir die doeleindes van hierdie Reglement as 65 en ouer verklaar (Acta 1985:701, art 171, 2.13)”.

2.3.11 Sinode 1994 het die volgende besluite geneem (Acta 1994:653-655, pt G):

1.1 “Artt 11-13, KO bepaal die beginsels wat geld vir die dienstyd van bedienaars van die Woord, insluitende die professore aan die Teologiese Skool. Besluit: Goedgekeur”.

1.2 “Die Nas Sinode 1979 het ‘n besluit geneem oor die toepassing van artt 11-13, KO m.b.t. die emeritering van professore aan die Teologiese Skool:

“Die professore tree normaalweg af op ouderdom 65 jaar. By voorlegging van bevredigende getuigskrifte oor gesondheid en werkvermoëns kan die Kuratorium in oorleg met die PU vir CHO die diens van jaar tot jaar verleng”(Acta 1979:193).

Die verband waarbinne hierdie besluit geneem is, behels die volgende:”

1.2.1 “In die lig van die KO is twee partye betrokke by die beroeping, ontslag en emeritaat van bedienaars van die Woord. Ingevolge die kontraktuele verhouding tussen die twee partye het enigeen van die twee die reg om te versoek dat die ooreenkoms verval of voortgesit moet word”.

1.2.2 “Die bedoeling van Sinode 1979 was ook om ‘n duidelike reël neer te lê m.b.t. uitdienstreding van professore”.

1.2.3 “Die besluit van 1979:193 het ook op “hoë”uitsonderingsgevalle betrekking vir welke gevalle die noodsaaklikheid (neccesitas) vir voortgesette diens op ‘n jaar tot jaar basis deur ‘n professor wat nog oor die nodige kragte beskik, en vir wie daar nie ‘n geskikte plaasvervanger is nie, van die kant van die kerke uitgemaak word”.

1.2.4 “Die kerke wat in ‘n kontraktuele ooreenkoms met die PU vir CHO staan moet ook rekening hou met reëls en bepalinge wat aan sodanige inrigting geld – waaronder die bepaling van ‘n aftree-ouderdom.

1.2.5 “In 1991 het veranderde omstandighede ingetree wat professore se aftrede direk raak. Die Sinode 1991 het besluit dat die getal professore aan die TSP moet verminder word. Die vermindering geskied alleen by wyse van nie-vulling van vakatures (1991:736, pte 2.5.4.1-2.5.4.2).

Daarby besluit die PU vir CHO op grond van finansiële oorweging dat die personeel op 60 jaar moet aftree. Dit het meteen die dienstyd van professore ouer as 60 jaar geraak. Hierdie rasionalisasie-proses het so ontwikkel dat die PU vir CHO van 1994 af slegs volle verantwoordelikheid vir die versorging va 4,5 professore aanvaar.

Gevolglik is daar in die TSP se scenario vanaf 1995 vir geen professore bo 65-jarige ouderdom voorsiening gemaak nie, en werk die TSP van uit die veronderstelling dat 1979:193 se besluit t.o.v. uittrede van professore toegepas word”.

1.3 “Hierdie rasionalisasie aan die TSP en die PU vir CHO stel die Kuratore voor voldonge feite wat in ag geneem moet word by die bepaling van uitdienstreding van professore. Binne hierdie gegewe raamwerk en omstandighede moet uitdienstreding op 65 jaar as ‘n redelike en billike bepaling beskou word wat deur beide die kerke as die professore van die Teologiese Skool eerbiedig moet word”.

1.4 “Afwyking van hierdie bepaling van 65 jaar as normale aftree-ouderdom kan lei tot ongelyke behandeling van professore met gelyke status (vgl KO, art 17). Besluit: Goedgekeur”.

1.5 “Afwyking van hierdie 1979 besluit m.b.t. die aftree-ouderdom kan die algemene en finansiële beplanning aan die teologiese Skool ernstig ontwrig. Besluit: Kennis geneem”.

2 “Indien ‘n professor wat ouer as 65 jaar is, nie onder KO, art 13 emeriteer nie, mag die Kuratorium of Sinode op grond van oorwegings soos noodsaaklike rasionalisasie, behoefte, ens aan die TSP en PU vir CHO, besluit om die professor se diens ás professor (die vierde diens), volgens die beginsel van KO, art 11 te beëindig. Besluit: Goedgekeur”.

4.2 “Die Sinode besluit om in die toekoms t.o.v. professore se uittrede volgens 1.4 en 1.5 te handel. Besluit: Goedgekeur”.

2.3.12 Sinode 1997 het besluit dat die Nasionale Sinode die besluit van Sinode 1961 (insake ouderdom as synde 65 jaar en ouer te wees) in hersiening neem deur die besluit te wysig met “ouderdom in KO, art 13 deur die Kerkraad, Klassis en Part Sinodedeputate bepaal word op versoek van ‘n predikant en kerkraad”. Die Sinode voeg die volgende nota by: “In die lig daarvan dat beide die emeritaats- en pensioenfonds uitgaan van die veronderstelling dat predikante normaalweg op ouderdom 65 emeriteer, moet Kerkrade en predikante daarvan kennis neem dat die versorgingsbedrag van predikante wat nie medies ongeskik is nie en wat voor ouderdom 65 emeriteer, in verhouding met die verkorte diensjare aansienlik gaan verminder” (Acta 1997:370, 4).

2.3.13 Bevinding

2.3.13.1 Kyk bevinding by 2.4.6.5 hieronder.

2.4 *Kontraktuele Ooreenkoms tussen GKSA en NWU insake emeritering/aftrede*

2.4.1 Drieledige diensooreenkoms tussen NWU en GKSA

2.4.1.1 Besluit Sinode 1994

Sinode 1994 het ‘n diensooreenkoms tussen die GKSA en PU vir CHO goedgekeur (Acta 1994:663-675). Ten opsigte van aftrede word goedgekeur: “U tree af aan die einde van die jaar waarin u die ouderdom van 65 jaar bereik het” (Acta 1994:669).

2.4.2 Diensvoorwaardeooreenkoms – Januarie 1999

2.4.2.1 Volgens ‘n dokument deur die Universiteit verskaf is, is die jongste “Diensvoorwaardeooreenkoms vir akademiese personeel wat aan die Teologiese Skool Potchefstroom verbonde is” gedateer 7 Oktober 1998. Hierdie ooreenkoms tree in werking op 1 Januarie 1999.

2.4.2.2 Ten opsigte van aftrede bepaal die ooreenkoms:

“20.1. U normale aftree-ouderdom is 65 jaar. U kan op enige maandeinde wat volg op die dag waarop u die normale aftree-ouderdom bereik vrywillig aftree, met die einde van daardie betrokke jaar waarin u die vermelde ouderdom bereik as verpligte datum van aftrede.”

2.4.2.3 Die konklusie uit albei bogenoemde ooreenkomste (1994 en 1999) is dus dat die NWU en die GKSA die normale aftree-ouderdom as 65 stel. Die ooreenkoms van Januarie 1999 stel egter dat akademiese personeel wat aan die Teologiese Skool Potchefstroom verbonde is (wat sekerlik professore aan die TSP insluit) verplig is om aan die einde van die jaar waarin hy 65 geword het, af te tree.

2.4.3 Huidige diensooreenkoms tussen die NWU en dosente

Huidige bepalings oor aftrede van dosente aan die NWU is die volgende:

"17. Diensbeëindiging

17.4 U normale aftree-ouderdom is 65 jaar. U mag vrywillig aan die einde van enige maand na die bereiking van die aftree-ouderdom aftree, met die einde van die betrokke jaar waarin u die voorgenoemde ouderdom bereik as verpligte datum van aftrede.

17.4.1 U mag by die UNIVERSITEIT aansoek doen om vervroegde aftrede, wat die einde van die maand is waarin u die ouderdom van 55 of daarna bereik, deur ten minste 3 (drie) maande voor die voorgenome aftreedatum skriftelike kennis aan die UNIVERSITEIT te gee."

2.4.4 Ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU

2.4.4.1 'n Nuwe opgedateerde Ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU is tydens Sinode 2006 onderteken. Soos in die verlede het hierdie bepaalde ooreenkoms 'n ander karakter as die diensvoorwaarde ooreenkomste en word spesifieke sake soos aftree-ouderdom nie in hierdie ooreenkoms opgeneem nie.

Die volgende uittreksel is wel van belang rakende die diensooreenkoms of diensvoorwaarde ooreenkoms wat aangegaan word tussen die GKSA, NWU en die beroepe professore.

"2.4 Ten opsigte van 'n professor aan die Teologiese Skool wat deur die Universiteit ooreenkomstig 2.1 ook as dosent aan die Universiteit benoem word, sluit die Universiteit met sodanige professor 'n spesifieke diensooreenkoms wat tussen die Kerke en die Universiteit ooreengekom word en wat voorsiening moet maak vir die besondere verhouding wat tussen sodanige professore, die Kerke en die Universiteit kragtens hierdie ooreenkoms tot stand kom."

2.4.4.2 Daar is dus ooreengekom om 'n spesifieke diensooreenkoms met die beroepe professor te sluit. Soos reeds bogenoem bepaal hierdie diensooreenkoms dat professore aan die TSP op 65 jarige ouderdom aftree (Sinode 1994) en die 1999 diensooreenkoms bepaal selfs dat hulle verplig is om af te tree.

2.4.4.3 Die konklusie is dat die GKSA op grond van die kontraktuele ooreenkoms met die NWU die bepalings van die NWU oor aftrede-ouderdom moet verreken. Indien die GKSA hierdie bepalings ignoreer sal dit neerkom op kontrakbreuk.

2.4.4.4 'n Verdere probleem kom na vore:

Indien die GKSA afwyk van bogenoemde aftree bepalings in die diensooreenkoms vir professore wat beroep is aan die TSP, kan daar diskrepansie ontstaan tussen beroepe professore aan die een kant, en aan die ander kant aangestelde professore aan die Fakulteit Teologie wat steeds predikant is, dosente en Administratiewe- en ondersteuningspersoneel in dieselfde Fakulteit.

2.4.5 Bevinding

2.4.5.1 Volgens punt 2.4 van die Ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU, sluit die NWU met elke beroepe professor 'n diensvoorwaarde ooreenkoms. Hierdie ooreenkoms moet deur almal wat beroep is en alle akademiese personeel onderteken word. Hierdie ooreenkoms bepaal dat hy/sy op 65 sal aftree (pt 17.4 "U normale aftree-ouderdom is 65 jaar"). Dit is dus duidelik wat die GKSA se verhouding met die NWU betref, dat die teologiese professore op 65 aftree – sonder uitsondering.

2.4.6 Praktiese Omstandighede

2.4.6.1 Die gegewe is dat die GKSA kan nie alleen die finansiële versorging van die professore en ander personeel aan die TSP bekostig nie. Die ooreenkoms tussen die GKSA en NWU verlig die las op die kerke vir die finansiële versorging van die professore, deurdat die NWU die verantwoordelikheid oorneem van sommige professore se salarisse (gedeeltelik of ten volle).

2.4.6.2 Aktuariele berekeninge en beplanning deur die kerke en die NWU, vereis dat 'n aftree-ouderdom vir professore vasgestel moet word.

2.4.6.3 By die meeste Gereformeerde Kerke in die wêreld het dit usansie en gewoonte geword om wel ‘n ouderdom vas te stel wanneer dit oor die toepassing van KO, art 13 handel.

2.4.6.4 In die Emeritaatsversorgingstrust (EVT) het die kerke met die Ordereglement ooreengekom om mekaar te help met die versorging van geëmeriteerde predikante en professore. Die EVT se Ordereglement handhaaf die aftree-ouderdom van predikante en professore op 65 jaar (vgl Acta 1997:243-250).

2.4.6.5 Bevinding

Uit die besluite wat verskeie Sinodes in die verlede geneem het, is dit duidelik dat daar reeds vir jare lank geworstel word oor die ouderdom waarop professore aan ons teologiese skool kan of moet emeriteer. Die kern van die probleem is die feit dat die kerke nie al die professore uit eie fondse kan onderhou nie. Dit het die kerke genoodsaak om ‘n kontraktuele ooreenkoms met die universiteit aan te gaan.

2.4.7 Bevindinge saamgevat

Die Woord stel as beginsel dat ‘n bedienaar en professor lewenslank geroep word. Hierdie beginsel vind weerklank in KO, art 12. Vanweë die gebrokenheid van die wêreld (gevolge van die sondeval) kan hierdie beginsel nie altyd ten volle nagekom word nie. Dit geld vir predikante in die bediening en ook vir die professore. Artikel 13 van die KO en talle Sinodebesluite getuig hoe moeisaam die strewe is om die beginsel na te kom. Van die oorsake wat die kerke verhoed om die beginsel van lewenslange roeping (en vergoeding daarvoor) uit te voer, sluit in die gebrek aan finansies en die noodsaaklike ooreenkoms met die NWU.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.4.7 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 *Aanbeveling*

In die lig van die voorafgaande studiewerk, beveel die Deputate die volgende Ordereëling aan:

3.1.1 Dat die beroepe teologiese professore aan die Teologiese Skool op die ouderdom wat die kerke met die NWU kontraktueel ooreenkom, emeriteer.

3.1.1.1 Motivering vir hierdie voorgestelde Ordereëling: Die Studierapport in sy geheel en in besonder pte 2.1.5.1; 2.1.5.2; 2.2.6.1; 2.3.13.1; 2.4.5.1; 2.4.6.5 en 2.4.7 van die Studierapport.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.1.1.1 goedgekeur.